Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 9 Kaapstad, Woensdag, 22 Maart 1950 Prys 3d. No. 18

# Ondergrondse Offensief Teen Rooies Geëis Deur Ossewabrandwag

'n Beroep op die regering om sonder verdere versuim die Kommunistiese Party in die ban te doen tesame met sy propaganda en om by die Westerse leidende state aan te dring op die skepping van 'n ondergrondse offensief in Rusland en sy satelliete, is deur die Gebiedsraad van die Ossewabrandwag in Kaapstad Saterdag gedoen.

Die volledige besluit oor die Kommunisme lui as volg:

Hierdie Gebiedsraad van die Ossewabrandwag in Kaapland spreek sy diepe verontrusting uit oor die toenemende invloed van die Kommunisme in nie net ons land nie, maar ook in die res van Afrika en die wêreld.

Ons is oortuig dat hierdie wêreldbedreiging nie suksesvol bekamp kan word deur die liberalistiese laat maar loop-beleid nie, maar dat slegs die allerkragtigste en drastiese optrede die gevaar kan afwend.

Sover dit ons eie land betref, eis die omstandighede dat

- die regering sonder versuim daartoe oorgaan om die Kommunistiese Party onwettig te verklaar en sy propaganda belet;
- die Russiese konsulaat versoek word om na Rusland terug te keer omdat daar genoeg getuienis bestaan dat Rusland diplomatieke privileges misbruik vir ondermyningswerk teen gasheer-lande;
- aanhangers en simpatiseerders van die Kommunisme uit alle staatsbetrekkings geban en uit die vakbondwese geweer word;
- die regering doeltreffende stappe doen om die lewenskoste te verlaag en die woningnood te verlig en in die algemeen die land se ekonomiese posisie te verbeter sodat die Kommunisme geen broeiplek kan hê nie;
- die hele kwessie uit die partypolitiek gelig word sodat die parlement ten opsigte van al hierdie stappe 'n verenigde front sal toon.

### AFRIKA EN EUROPA

Sover dit Afrika betref, word die regering versoek om die leiding te neem ten opsigte van gesamentlike en eenvormige optrede deur alle belanghebbende gebiede. 'n Al-Afrikaanse konferensie oor hierdie saak beskou ons as dringend noodsaaklik.

Sover dit die Westerse blok betref, word die regering versoek om by die betrokke leidende state aan te dring op

- 'n beleid van versoening in Duitsland wat die middelpunt in Europa vorm in die stryd tussen Oos en Wes; en dat alle uittartende optrede teenoor die verslaande volk, soos o.a. die aftakeling van fabrieke en die gevolglike verergering van die werkloosheidsvraagstuk, beëindig moet word;
- die skepping van 'n vyfde kolonner-offensief in Rusland en sy satelliet-lande agter die ystergordyn onder Westerse aansporing en met Westerse geldelike hulp.

**Die Kommunisme voer 'n totale oorlog oor 'n totale front, en die Westerse lande het geen kans op sukses solank hy net op een front voorberei nie.**

**In enige opregte en doeltreffende optrede van die regering teen die Kommunisme kan die regering op die heelhartige steun van die Ossewabrandwag staat maak.**

# HERVORMING WORD SAAK VAN DRINGENDHEID

## VERSOEK VAN GEBIEDSRAAD AAN REGERING

**„Hierdie vergadering is oortuig daarvan dat die taak van die Ossewabrandwag om die staatsvorm van Suid-Afrika te omskep van 'n koninkryk tot 'n republiek; en om die staatstelsel te hervorm van die Britse parlementêre stelsel van partyregering tot die republikeinse stelsel van volksregering, aangevul deur beroepsverteenwoordiging, 'n aktuele saak van praktiese politiek geword het wat dringend aan die volk voorgelê moet word," lui 'n verklaring wat verlede Saterdag deur die Kaaplandse Gebiedsraad van die Ossewabrandwag in Kaapstad uitgereik is.**

**Die verklaring beklemtoon onder meer die Ossewabrandwag se vasberadenheid om vir hierdie iedale te veg — sover moontlik in samewerking met ander, maar desnoods alleen. Vir die doel moet die Ossewabrandwag baie sterk gemaak word, aldus die oproep.**

**Die verklaring in sy geheel lui:**

Hierdie vergadering is oortuig daarvan dat die taak van die O.B. om die staatsvorm van S.A. te omskep van 'n koninkryk tot 'n republiek; en om die staatstelsel te hervorm van die Britse parlementêre stelsel van partyregering tot die republikeinse stelsel van volksregering, aangevul deur beroepsverteenwoordiging 'n aktuele saak van praktiese politiek geword het wat dringend aan die volk voorgelê moet word.

Ten aansien van die herskepping van die koninkryk tot 'n republiek verwerp die vergadering met beslistheid die idee om Suid-Afrika om te skep in 'n republiek binne die Britse Statebond en met behoud van die Britse konneksie.

Indien die suiwer republikeinse ideaal behoue wil bly, moet daar tans kragtig voor geveg word. **Dit het noodgedwonge 'n saak van praktiese politiek geword.**

### DRINGENDE BEHOEFTE

Ten aansien van die hervorming van ons staatstelsel stapel die getuienis daagliks op oor die dringende behoefte daaraan.

**Volkseenheid en volkssamewerking bly steeds 'n onbereikbare ideaal solank politieke partye die volk verdeel en teen mekaar opsweep. Die erfenis hiervan is onopgeloste probleme.**

**Dringende vraagstukke van nie-opswepende en nie-skouspelagtige aard, soos byvoorbeeld bodem- en waterbewaring, word deur die politieke partye eenvoudig op die lange baan geskuiwe; ander dringende vraagstukke van 'n meer ontplofbare aard, soos byvoorbeeld die kleurkwessie en die stygende lewenskoste, word deur die twistende partye as ammunisie gebruik waarmee hulle mekaar opkeil.**

### KAN NIE LANGER WAG NIE

Die volk kan nie langer die partypolitiek se ontvlugting van die oplossing van vraagstukke bekostig nie. Reeds gaan daar stemme op, buitekant die geledere van die O.B., dat sekere dringende vraagstukke, minstens tydelik uit die partypolitiek gelig word sodat dit aangepak en opgelos kan word deur volksoptrede. **Volksregering om die verydelende partyregering te vervang word 'n kwessie van dringende praktiese behoefte.**

Die aanvulling en versterking van die volksregering deur die element van beroepsregering mag ewe-eens nie langer uitgestel word nie. **Die tyd het ongetwyfeld aangebreek dat deskundiges die geleentheid tot regmatige seggenskap in die bestuur van die land moet kry. Die hervorming om hierdie gewenste toestand teweeg te bring is voor die handliggend: Die Senaat moet sonder verwyl opgebou word tot 'n raad van deskundiges of gemeenskapsraad, waarin die verkose verteenwoordigers van die volk se verskillende arbeidsgemeenskappe sitting sal neem.**

### WAARSKUWING

**HIERDIE VERGADERING WIL ALLE NASIONAALGESINDES ERNSTIG WAARSKU DAT DIE HUIDIGE NASIONAALGESINDE PARTYBEWIND BINNE AFSIENBARE TYD IN OPPOSISIE GAAN VERVAL, OMDAT DIT IN DIE WESE VAN DIE STELSEL LÊ, EN DAT DIE HUIDIGE OPPOSISIE WEEREENS DIE BEWIND GAAN OORNEEM INDIEN VERSUIM WORD OM DIE PARTYSTELSEL TE VERVANG DEUR DIE REPUBLIKEINSE STELSEL VAN VOLKSREGERING, AANGEVUL DEUR BEROEPSVERTEENWOORDIGING. INDIEN DIE PARTYSTELSEL NIE VERVANG WORD NIE KAN NIKS EN NIEMAND SODANIGE VERWISSELING VERHOED NIE. Aangesien die huidige bewind die mag het om die nodige hervormings teweeg te bring, bied die O.B. by voorbaat sy volle steun aan die regering in die deurvoering van die beoogde hervorming.**

Hierdie vergadering voel baie sterk dat die genoemde veranderings en hervormingskwessies van aktuele belang geword het vir die volk van S.A. wat as praktiese beleid voor die volk gelê moet word.

### METODE VAN OPTREDE

Die offisiere beklemtoon nogeens hul gewilligheid — dikwels reeds deur die leiers uitgespreek **— om in samewerking met ander nasionaalgesinde groepe en organisasies hul bydrae te lewer** tot die verwesenliking van die vryheidsideaal en tot die bereiking van nasionale eenheid en welvaart.

**Die offisiere wil egter hul onvervreembare gehegtheid aan die beginsels en ideale van die O.B. onderstreep en wil uitdruklik verklaar dat indien die geleentheid nie ontstaan om in samewerking met ander op te tree nie, hulle dan verplig sal wees om alleen en met eie kragte vir hul oortuigings te pleit en te strewe. Daarom is die oproep van hierdie vergadering aan alle lede en vriende van die O.B. om pligsgetrou en met innerlike oortuiging aan te tree en met onvermoeidie kragte te ywer sodat die Ossewabrandwag baie sterk gemaak kan word.**

# LIG KLEURVRAAG UIT PARTYPOLITIEK, VRA O.B.-OFFISIERE

**Verontrusting oor die verslegting van die verhoudings tussen blank en nie-blank hoofsaaklik weens die partypolitieke uitbuiting van hierdie vraagstuk, is deur die Gebiedsraad van die Ossewabrandwag op sy vergadering Saterdag in Kaapstad aangeneem. Die besluit lui:**

Hierdie vergadering voel besorgd oor die voortdurende verslegting van die verhoudings tussen blank en nie-blank wat in die jongste tye in toenemende mate ingetree het.

Die volgende is ongetwyfeld vername oorsake vir die ontstaan van hierdie noodlottige toestand.

- **Die Kommunistiese agitasie wat stelselmatig onder die nie-blankes gevoer word met die verraderlike doel om hulle teen die blankes op te rui en om hulle op te sweep om die gesag van die blanke uit te tart.**
- **Die ongelukkige misbruik van die kleurvraagstuk as 'n twisappel tussen blanke politieke partye. Hierdie partye betwyfel in die openbaar mekaar se goeie trou ten aansien van die nie-blanke gemeenskappe.**

Die een party beskimp die ander party: julle is boetie-boetie met die nie-blankes terwille van die kleurlingstem. En die ander party slaan terug met die leedvermaak: julle wil die nie-blanke se regte afneem omdat die kleurlinge nie vir julle stem nie. **Hierdie kleinlike verwytery sterk die nie-blanke in sy geloof dat die blanke net begaan is oor sy eie belang en geen flenter omgee vir die belange van die nie-blankes nie.**

### VERTWYFELING

- Die ontstaan van 'n gees van vertwyfeling by die nie-blankes omdat geen duidelike pad na toekomstige nasionale selfverwesenliking vir hulle op simpatieke wyse aangedui word nie.

As gevolg van bogenoemde en ander bykomende en bykomstige oorsake het daar 'n gees posgevat onder die nie-blankes wat uitslaan enersyds in bitterheid en andersyds in uitdagende astrantheid. Sodanige gees is noodlottig vir sowel die blankes as die nie-blankes. Daarom dring die offisiere daarop aan:

- **Dat die kleurvraagstuk onmiddellik uit die partypolitiek gelig word.**
- Dat die blankes gesamentlik 'n duursame kleurbeleid neerlê; Dat hierdie beleid moet afstuur op die uiteindelike algehele skeiding tussen blankes en nie-blankes in eie gebiede;
- Dat alle politieke partye onderneem om hierdie beleid uit te voer; en dat bywende deskundiges, instede van wisselende partypolitici, belas sal wees met die uitvoering van hierdie beleid.

# AUSTRALIË WIL OPTREE TEEN KOMMUNISTE

Die Australiese eerste minister, Robert Menzies, het verlede week gesê dat 35 of 40 „manne met duistere bedoelings" in invloedryke betrekkings in die Australiese nywerheid, gesworе Kommuniste is. Hy het 'n beroep op die groot massa Australiese vakbondlede gedoen om die lewensbelangrike vraagstuk van Kommunisme vierkant in die oë te kyk.

**Die eerste minister se uitlating word deur waarnemers vertolk as 'n aanduiding dat hy vasbeslote is om die Australiese Kommuniste op te ruim, onder meer deur 'n verbod op die Kommunistiese Party en uitskakeling van Kommuniste uit die staatsdiens en sleutelposisies in die nywerhede.**

DIE O.B., WOENSDAG, 22 MAART 1950

# SMEE DIE YSTER!

Ons wil ons lesers by een besondere aspek van die Gebiedsraad se verklaring verlede Saterdag bepaal, naamlik die waarskuwing aan die volk dat die nasionale regering onafwendbaar afstuur op sy opposiesieskap en dat die tyd van grasie daarom uitgebuit moet word vir die nodige hervormings wat nodig is om bestendigheid in ons landsbestuur te bring.

Die Gebiedsraad van die Ossewabrandwag was op sy vergadering van verlede Saterdag baie nugter — nie net ten opsigte van homself nie, maar veral ten opsigte van ons land en die wêreld — soos blyk uit die leiding wat daar van hom uitgegaan het ook ten opsigte van Westerse aksie teen die Kommunisme. En as mens nugter wil wees dan moet jy behoorlik vasstel waarmee jy te doen het.

**En nou is daar weinig in hierdie lewe wat so ontwyfelbaar vasstaan as die kortstondigheid van parlementêre regerings. Soos die Gebiedsraad se verklaring dan ook beklemtoon, is dit nie so seer tekortkominge aan die kant van die regering wat tot sy val sal en gaan lei nie, maar omdat dit in die wese van die parlementêre stelsel lê dat regering en opposisie mekaar opvolg soos dag en nag.** Daar was in die afgelope paar maande drie verkiesings in die Britse Ryk — twee daarvan het uitgeloop op die val van die regering en in die derde, dié in Brittanje, **wat 'n spesiaal vervroegde verkiesing was om die regering se lewe te red,** het uitgeloop op 'n gelykop, en 'n nuwe beslissing sal oor 'n paar maande weer geneem moet word wat geen ander uitslag kan hê nie as juis dit wat die regering van Attlee gevrees het toe hy op die vervroeging daarvan besluit het.

## ONS EIE LAND

Maar die geskiedenis van ons eie land onderstreep hierdie waarskuwing in geen onduidelike taal nie. Die Suid-Afrikaanse Party kon sedert 1910 net een verkiesing wen, naamlik in 1915. **Die volgende verkiesing in 1920 het hy verloor, en genl. Smuts kon alleen voortgaan deur samesmelting met die Unioniste.** Maar selfs toe kon hy dit nie nog vier jaar uithou nie, en in 1924 was genl. Hertzog aan bewind. **Maar op sy beurt kon die Nasionale Party net een verdere verkiesing, die in 1929, wen.** Genl. Hertzog self het erken dat die verkiesing van 1933 vir die Nasionale Party op die woestyn sou uitloop sonder koalisie. In 1939 het genl. Smuts die bewind oorgeneem en daarna een verkiesing, in 1943, gewen. **Die volgende verkiesing het hy verloor ten spyte van sy oorlogsukses.**

Dit is wesenseie aan die parlementêre stelsel dat regering en „alternatiewe regering" mekaar periodiek opvolg en dan mekaar se werk weer afbreek. **En as dit nou die geval is, dan is dit uiters noodsaaklik dat die regering gebruik maak van sy geleentheid om die nodige konstitusionele veranderings teweeg te bring wat bestendigheid aan ons landsbestuur sal besorg. Dit wil sê dat die Britse parlementêre stelsel vervang word deur daardie vorm van volksregering wat ook die Federale Raad van die H.N.P. in 1941 bepleit het toe hy verklaar het:**

„Die Boerenasie, wat die skepper en beskermer van ons nasieskap is, het in die Boererepublieke 'n stelsel ontwerp wat ons eie is, wat hemelsbreed van die Britse parlementêre stelsel verskil en tog ook op demokratiese grondslag berus . . . **Dit is hierdie stelsel, na omstandighede gewysig en verbeter, waarop ons veilig kan en moet voortbou."**

**In 1941 het ons gesmag na die geleentheid om hierdie ideaal te verwesenlik. Vandag is daardie geleentheid daar. Laat die regering dit aangryp, voordat dit te laat is! Hy is daarin verseker van die steun van die Ossewabrandwag.**

# Ons Ideale En Ons Wil Om Te Stry

Die vergadering van offisiere van die Ossewabrandwag wat verlede Saterdag in Kaapstad gehou is, verteenwoordig beslis 'n nuwe mylpaal in die geskiedenis van die Beweging. Die gees van die vergadering het onomwonde getuig van die onwrikbare geloof van die offisiere in die Beweging en van hul vasberadenheid om met vertroue voort te veg vir die verwesenliking van die ideale wat die Beweging in sy boesem dra.

Die klinkende oproep wat uitgegaan het van die offisiere aan elke O.B.-lid en aan elke O.B.-vriend om met nuwe moed en lus aan die werk te spring ten einde die Ossewabrandwag baie sterk te maak, sodat die Beweging sy roeping kan vervul, weerspieël dan ook die besliste voorneme van elke offisier wat aanwesig was.

Die konkrete uitdrukking van die vergadering se betekenis is geleë:

**Eerstens, in die besluit wat geesdriftig bekend maak dat die Ossewabrandwag gaan veg — op alle terreine waar 'n stryd moontlik is —, vir sy ideale, hetsy in samewerking met ander, hetsy alleen;**

Tweedens, in die kernagtige herformulering en heraanvaarding van daardie republikeinse, nasionale en sosiale

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

beginsels wat gesamentlik die ideale van die Ossewabrandwag uitdruk; en

Derdens, in die saaklike verklaring wat die aandag vestig op daardie aangeleenthede ten aansien van volksbeleid wat die onmiddellike en dringende optrede van die owerheid vereis.

Sonder om enigsins afbreuk te doen aan die volgehoue trou van die offisiere van die Ossewabrandwag aan die Beweging moet dit tog erken en aanvaar word dat die intense gehegtheid aan die O.B. en aan die Beweging se ideale wat deur die offisiere by hernuwing openbaar is, minstens ten dele gemotiveer is deur ontnugtering wat veroorsaak is deur die verydeling van verwagtings, wat bewus of onbewus, gekoester is van die nasionale partypolitiek. **Dit is ongetwyfeld waar dat baie Afrikaners sedert 1948 opnuut die les geleer het dat die partypolitiek na nasionale verydeling lei.**

**Daarom word vandag met nuwe liefde gekyk na die Ossewabrandwag en word nuwe hoop gevestig op die ideale wat die Beweging nog konsekwent bely en beken sedert sy ontstaan.**

*Brief Aan My Partyvriend:*

# BRITTANJE GOOI AFRIKA OOP VIR DIE INDIËR

Geagte Vriend,

**Ek het verlede keer 'n paar redes genoem waarom ons uit die Britse Ryk moet wegbreek. Ek het onder andere beklemtoon dat die Britse Ryk niks anders as 'n internasionale politieke party is wat lande op kunsmatige wyse saamsnoer om kliekbelange te behartig.**

Ek het toe vir jou gesê dat Suid-Afrika veel meer gemeenskapliks het met ander lande in Afrika as met Kanada of Brittanje, en dat laasgenoemde se belange weer opgesluit lê in Europa. **Maar in plaas van met Europa saam te werk en daar 'n verenigde state te stig wat onderlinge oorloë kan uitskakel en vandag 'n groot blok teen die Kommunisme kan vorm, weier Engeland om iets meer in Europa te doen as net moontlike mededinging op handelsgebied uit te skakel. En vir die doel span hy keer op keer sy Empire wat oor die aarde versprei lê, in om die een of ander staat in Europa op die knieë te dwing. Suid-Afrika behoort die voortou te neem deur 'n einde aan hierdie onhoudbare toestand te bring,**

## BEDREIG OOK AFRIKA

Maar die Britse Ryk hou ook 'n baie groot gevaar in vir die vasteland van Afrika. Nie net het Brittanje keer op keer Europa verwoes met sy Empire nie, maar hy is vandag besig om Afrika, die kontinent van die toekoms, met sy Empire te vernietig. Jy sal vir my vra hoe so? Kyk, **wie is almal deel van hierdie Empire?** Soos ek gesê het sluit dit in volke en state wat in geen verband met Afrika staan nie. **Een van daardie lande is Indië.** Indië is 'n „suster" van Suid-Afrika en selfs ons eerste minister is in Londen misbruik om hierdie susterskap te handhaaf. Waarom? **omdat dit anders vir Engeland groot skade op handelsgebied sou beteken het. Dit was die belangrikste oorweging** vir die Londense besluit om Indië binne die Empire te hou deur hom 'n skyn-republikeinse status te gee. Dr. Malan het in sy verslag van die Londense konferensie baie uitdruklik gesê dat Indië se goeie wil behou moes word, want „**Indië se goeie wil verloor kan beteken, VERAL OP HANDELSGEBIED,** rakende veral sekere lede van die Statebond **EN BRITTANJE NIE DIE MINSTE NIE,** moontlik groot skade", aldus dr. Malan volgens Hansard kol. 5676. En Die Transvaler, jou party se orgaan in die Noorde, het oor die nuwe status van Indië tot die volgende slotsom gekom:

## HANDELSBELANGE

„Die slotsom waartoe 'n mens dus geraak, is dat Brittanje by die jongste konstitusionele verandering **enorm baat gevind het. Wat vir hom hoofsaak was, naamlik die behoud van die Indiese mark, wat op sy beurt meebring dat Indië lid van die Britse Statebond moet bly, is bereik."**

Nou ja, jy weet Engeland is 'n land van handelaars en plooi sy beleid na mate dit winsgewend vir sy handel is. Daarom dat hy byvoorbeeld hol om erkenning te verleen aan Stalin se handlangers in Sjina terwyl hy nog steeds weier om erkenning te verleen aan anti-kommunistiese Spanje, want laasgenoemde land verteenwoordig vir hom nie £200 miljoen se handelsbelange soos Sjina nie.

## PAAI INDIË

**En waar Indië nog altyd die kroon gespan het in Brittanje se handelsboeke spreek dit vanself dat hy niks sal duld wat dalk kan lei tot „Indië se goeie wil verloor" nie.** En nou weet jy hoe daar in die afgelope paar jaar 'n stryd tussen Suid-Afrika en Indië in die V.V.O. aan die gang was. Indië het selfs sy handelsbetrekkinge met die Unie verbreek, en ek kan nie juis sê dat ons rede het om daaroor te huil nie. **Maar moeder Engeland beskou hierdie „familietwis" in 'n baie ernstige lig. Brittanje kan nie toelaat dat sy dogters onder mekaar begin rusie maak nie, want dit kan lei tot opbreking van die Empire en dit kan beteken „veral op handelsgebied, en rakende Brittanje nie die minste nie, groot skade". Dit is dus heeltemal te verstaan dat Brittanje druk op Suid-Afrika sal uitoefen om daardie twis met Indië by te lê, en waar Indië die skoorsoeker was en met astrante eise gekom het ten opsigte van Indiërs wat tegelykertyd aanspraak maak op Suid-Afrikaanse burgerskap en Indiese beskerming, spreek dit net so vanself** dat aan Indië se eise voldoen sal moet word ten einde sy „goeie wil" te behou vir die Empire.

## SAL MOET TOEGEE

Daar word reeds deur ons regering met Indië onderhandel oor 'n voorgestelde „rondetafel-konferensie". Ons kan verwag dat ons regering hard sal veg om nie toe te gee aan die Indiese eise nie, maar ek dink ek kan nou al voorspel dat hy aan die kortste end daarvan sal afkom, **want in die middel van die ronde-tafel troon John Bull, en solank ons binne die Britse Empire is, het hy heelwat mag om Suid-Afrika tot sy insigte te dwing.**

**Hierdie Indiese inmenging in ons binnelandse aangeleenthede is 'n prys wat ons betaal vir lidmaatskap van die Statebond, en al sou ons nou die goewerneur-generaal president gaan noem, soos jou leier voorstel, sal ons tog nog 'n „susterstaat" bly van Indië met wie ons op goeie voet sal moet verkeer terwille van Brittanje se handelsbelange.**

## GEEL IMMIGRASIE

Maar dit is nie al gevaar wat hierdie aspek van die Britse Empire vir ons het nie. Nie net Suid-Afrika moet alle twis met Indië vermy nie, maar Brittanje self doen sy bes om geen aanstoot aan hierdie Oosterse melkkoei te gee nie. Hy het dit al die jare gedoen — ook in die dae van president Kruger, toe hy die Transvaal belet het om teen sy Indiese „Britse onderdane" te diskrimineer op 'n tyd toe die heeltemal vrye Vrystaat sy land van Indiese indringing kon vrywaar. Maar soos ek aan die begin van my brief gesê het, is ons taak ook 'n Afrika-taak — ons moet ons beywer vir 'n verenigde state van Afrika. **Maar hierdie ideaal word nou reeds in gevaar gestel deur Brittanje wat sy noordelike kolonies se grense oopgestel het vir Indiër-immigrante. Kenia en Tanganjika se toekoms is klaar geel en ons sal hulle waarskynlik moet afskrywe vir die blankedom — hierdie vrugbare hooglande in Afrika. In Kenia is daar reeds drie Indiërs vir elke blanke en in Tanganjika vier Indiërs vir elke blanke. En hulle word nog steeds toegelaat by die honderde. Dit mag selfs op die ou end onmoontlik wees om Noord-Rhodesië vir die blanke te behou as hierdie gebied nog lank onder Londen se heerskappy moet staan.**

**Daarom is dit nodig dat Suid-Afrika sonder verdere getalm moet loskom van Brittanje en saam met die noordelike state 'n verenigde front opwerp teen die Oosterse verowering van Afrika.**

# GELEENTHEID DAAR VIR UNIE OM LEIDING TE NEEM

**Mense uit die noordelike gebiede begin meer en meer na die Unie omsien as die redder van die blanke beskawing in Afrika. Die leier van die verkose lede in die Noord-Rhodesiese wetgewende vergadering, mnr. Roy Welensky, het dit in byna soveel woorde 'n paar weke gelede gesê toe hy beklemtoon het dat die Unie nie onverskillig kan staan teenoor die vraagstukke waarmee Noord-Rhodesië te kampe het nie.**

'n Rubriekskrywer van die Cape Times het verlede week verklaar dat hy in een week twee besoekers op kantoor gehad het wat hulle oor hierdie aangeleentheid uitgelaat het. Die een is 'n amptenaar van Tanganjika van die afdeling naturellesake.

**„Suid-Afrika is ons enigste hoop," het hy gesê. „Kan Suid-Afrika nie sy partytwiste vergeet en aan ons die leiding gee op die gebied van naturellebeleid nie?"**

(vervolg op bls. 6 kol. 2)

## Naturelle-arbeid in Landbou (2)

# MAAK DAN MISLUKKING VAN HUL EIE BOERDERY

**Wat is nou die faktore of redes wat veral bygedra het om enersyds 'n arbeidstekort in ons landbou te skep en andersyds ons platteland met nie-blanke inwoners te bevolk — probleme wat seker nie met 'n beleid van integrering van die naturel in die blanke landbou weggeruim kan word nie?**

**Die aanvraag vir nie-blanke arbeid in die landbou vind sy ontstaan in die slawerny van die 18de eeu aan die Kaap.**

Na die vrystelling van die slawe is die blanke boer meer en meer verplig om hom tot die onbedrewe maar laagbesoldigde stamnaturel met wie hy in Oos-Kaapland in aanraking gekom het, te wend ten einde in sy arbeidsbehoeftes te voorsien. Met die indienstreding by die boer het die naturel nie net die loonskale vir landbou-arbeid bepaal nie en daarmee 'n onmiddelike voorkeur aan sy stamgenote verseker nie, maar sy alleenreg op die arbeidsmark het ook geleidelik 'n hele reeks kenmerke en eienaardighede aan Suid-Afrika se landboubedryf besorg; **eienaardighede wat voortdurend die indiensname van nie-blanke ongeskooldes bevorder, die blanke geskooldes uithou en die peil van ons landbou na onder druk om sodoende met 'n kringloop die indiensname van naturelle weer van nuuts te bevorder.**

### MOEILIKHEDE

Omdat bedrewenheid en lone albei op 'n lae peil staan, moet en kan die landbou van naturelle-arbeid op groot skaal gebruik maak. Gelukkig was groot getalle naturelle in die verlede, en is hulle ook nog vandag, beskikbaar. **Maar juis hierdie groot getalle ongeskoolde naturellewerkers skep weer byna onoorkomelike vraagstukke van organisasie en toesig. Veral waar die boerdery gemengd of gespesialiseer raak, slaag min of geen boer daarin om orals op sy plaas 'n hoë peil van doeltreffendheid te handhaaf. Die gevolg is dat die boer hom meer dikwels aanpas by die peil van sy werkers as omgekeerd. En die gevaar word vererger deurdat die boer onbewus is van die maalstroom waarin hy hom bevind.**

Omdat lone laag is, kan min of geen aandag aan boekhouding en kosteberekening in die landboubedryf gegee word nie. Gevolglik kan verliese wat ontstaan as gevolg van arbeidsondoeltreffendheid nooit werklik bepaal word nie, en die meeste boere in ons land verkeer onder die wanbegrip dat die naturel vir alle vertakkings van die landboubedryf 'n goedkoop en onvervangbare arbeider is.

### OORTOLLIGE ARBEID

Omdat lone laag en arbeid volop is, word min of geen aandag bestee aan die rasionele aanleg van die boerderybedryf; gevolglik kan naturelle soms vir onnodige of beuselagtige werkies in diens geneem word. Wisselbou terwille van arbeidsbesparing blyk ook vir baie boere glad nie noodsaaklik te wees nie en gevolglik kan die verkwistende gebruikmaking van arbeid, hoe paradoksaal dit ook mag voorkom, heelwat bydra tot die teenswoordige verswakking van die draagkrag van ons landbougrond.

**Dis origens 'n bekende feit dat in die suidelike state van die V.S.A. waar die neger die hoofbron van arbeid vir die landbou is, boerderymetodes op 'n laer peil staan en die draagkrag van die grond daar ook as gevolg van gronduitputting en grondverspoeling meer agteruit gegaan het as in die oostelike of middel-westelike state waar uitsluitlik van opgeleide blanke arbeid gebruik gemaak word.**

> Referaat deur dr. W. T. H. Beukes gelewer op die Sabra-jaarvergadering.

### MEGANISASIE

Volop onbedrewe arbeid teen lae loonskale is ook grotendeels, indien nie geheel-en-al nie, verantwoordelik vir die vertraging van meganisasie in ons landbou. In 'n onlangse uitgawe van „Boerdery is Suid-Afrika" wys prof. F. R. Tomlinson op die onkunde van ons boere om met plaasmasjinerie om te gaan en die gevare wat dit vir die landbou inhou. **Ook hierdie tekortkoming by ons boere moet reëlreg teruggevoer word tot die alleenreg wat die naturel as werker tot dusver in ons landboubedryf ingeneem het.**

Ons sien dus dat die sogenaamde „goedkoop" ongeskoolde naturelle-arbeid tot 'n groot mate verantwoordelik is vir baie tekortkominge en wantoestande in die Suid-Afrikaanse landbou. En baie van hierdie euwels sal, solank die naturel sy huidige rol handhaaf, juis die deur vir die blanke wat as opgeleide werker sy weg na die landbou wil vind, steeds versper.

### OPLEIDING

Ons staan nou egter weer voor die vraag of die opleiding van die naturel dan nie juis hierdie moeilikhede uit die weg sal ruim nie.

## Geestesaanleg Nie Geskik Vir Landbou

Een van die elementêrste maar belangrikste vereistes vir die beoefening van die landboubedryf is individuele oordeel en bestuursvermoë, en dié besit die naturel nie nou nie en sal hy waarskynlik in die toekoms ook nie ontwikkel nie.

Op 6 Oktober 1949 het prof. W. Eiselen in 'n lesing voor die S.A. Akademie vir Kuns en Wetenskap te Pretoria daarop gewys dat die Bantoe se denkwyse deur psigo-motoriese reaksies beheer word, en dat hierdie feit tot 'n hoë mate verantwoordelik is vir die opvallende rol wat ritme in hulle geesteslewe en selfs ekonomiese stelsel speel. Die Bantoe resiteer en sing nie net met ritme nie maar hy wil ook met ritmiese handelinge sy landbou en veeteelt beoefen. **Hierdie denkwyse is erflik bepaal en sal deur geen skool of opvoeding verander of verwyder word nie. Hierdie genoemde denkwyse stel die naturel nie in staat om individueel oordeelkundig op te tree nie.** Daarom is dit ook dat, soos prof. Eiselen beklemtoon het, die naturelle nieteenstaande die jarelange opleiding wat hulle reeds op die gebied van landbou ontvang het, van hulle eie boerdery-ondernemings in die reserwes 'n klaaglike mislukking gemaak het. **Daarom is die naturel redelik goed om roetineplaaswerk wat nie 'n hoë peil van indiwiduele oordeel vereis nie, te verrig, maar wanneer dit kom by oorleg en beplanning om onbekende en afwykende toestande die hoof te bied, stel hy teleur.**

### VOORBEELDE

Laat my toe om dit met 'n paar konkrete voorbeelde uit ons boerderybedryf te illustreer. Die naturel sal 'n trekker redelik goed kan bestuur maar wanneer dit daarop aankom dat hy 'n rekord van sy werksure op die trekker moet hou of oor die gehalte van die olie of ghries 'n oordeel moet gee, versaag hy en kan hy binne 'n dag of twee sy werkgewer miskien van £50—£100 skade aandoen nieteenstaande die feit dat hy oor 'n std. VI sertifikaat en 15 jaar ondervinding beskik. Hy kan voerbestanddele afweeg en mengsels maak, en die voer met lied en lus na die diere vervoer, maar wanneer hy 'n oordeel moet gee of 'n koei (N.B. lid van sy geliefkoosde dieresoort) versadig is, kan hy maklik die oordeel van 'n tienjarige kind aan die dag lê. Hy kan met lus koring sny, en selfs dans en sing daarby, maar 'n onverwagte stortbui reën kan sy bevoegdheid om planne te maak so hoog op die proef stel dat alles dié dag in die war loop. Hierdie gebrek aan vermoë om individueel oordeelkundig te midde van 'n aantal vraagstukke op te tree, hang eng saam met die genoemde psigo-motoriese kenmerke van die Bantoedenkwyse.

Maar, soos reeds aangedui, is daar ook nog ander vraagstukke waarmee enige poging om die naturel in die blanke landbou te integreer, terdeë rekening sal moet hou.

(Word vervolg)

## „Bewind Vir Partye Van Meer Belang As Ideaal"

**„Die twee-partystelsel in Suid-Afrika bestaan nie omdat daar twee kante aan elke saak is nie, maar omdat daar twee kante vir elke regeringspos is — die binne- en die buitekant," het die Australiese professor in geskiedenis, dr. Fred Alexander, in 'n lesing te Salisbury gesê nadat hy 'n studie van die Suid-Afrikaanse politiek gemaak het.**

Hierdie onpartydige waarnemer se mening is dat daar veel meer punte van ooreenkoms tussen die twee groot partye is as punte van verskil — selfs oor die naturellevraagstuk. **Die politieke indeling in die Unie beskou hy as onwerklik en opgebou uit veronderstelde ideologiese verskille.** Met uitsondering van die ekstremiste aan albei kante is daar 'n baie groot mate van ooreenstemming.

**„Daar heers 'n skerp stryd om die bewind ongeag die beginsels wat op die spel is.** Byvoorbeeld, **die driftige twissaak oor die Kleurlingstem is niks meer as 'n verkiesingsaangeleentheid nie. Albei kante sal net so gretig 'n vraagstuk los sodra hulle uitvind dat dit geen merkbare invloed op die uitslag van die verkiesing sal hê nie.**

**„Die tweeparty-stelsel in Suid-Afrika bestaan nie omdat daar twee kante aan elke saak is nie, maar omdat daar twee kante vir elke regeringspos is — die binne- en die buitekant."** Aldus die professor.

# RUSSE NA STEMBUS GEDRYF


**'n Wrede klug is verlede Sondag in Rusland afgespeel toe die volk na weke van opsweping na die stembus gejaag is soos dipvee om te gaan sê dat hulle nog deur die huidige onderdrukkers regeer wil wees.**

Die beroering het gegaan oor die „verkiesing" van die opperste Sowjet — 'n skynparlement wat bestaan uit „partylede en nie-partylede" wat deur die Kommunistiese diktatuur aangewys word en dan aan die volk voorgehou word as kandidate vir wie daar gestem moet word. Hierdie liggaam het slegs teoretiese gesag, en is 'n stuk bedrog wat die wêreld en die Russiese volk die indruk moet gee dat Rusland 'n demokrasie is. Die blote feit dat daar ook „nie-partylede" as kandidate aangewys word, is genoegsame bewys van die betekenisloosheid van die liggaam, daar alle gesag in Rusland in die Kommunistiese Party setel — selfs op ekonomiese gebied.

### STALIN WEN TEEN HOMSELF

**Van elke Rus is verwag dat hy verlede Sondag met groot geesdrif sou gaan stem het vir die enkele kandidaat wat vir sy kiesafdeling aangewys is. Ook Stalin het 'n kiesafdeling in Moskou verdedig teen homself, en die uitslag was dan ook 'n 100 persent oorwinning.** Trouens, die Russiese pers het voor die verkiesing 'n 100 persent stembus voorspel. So 'n voorspelling is nie moeilik nie as besef word dat die verkiesingsagente 'n mengelmoes van opswepers en geheime polisie is wat van huis tot huis gaan om vas te stel wat die bure se lojaliteitswaardasie is. **In werklikheid beteken dit dat 'n burger maar net vir sy eie voortbestaan stem, aangesien buite stemming bly gelykstaan aan hoogverraad en 'n teenstem aan die eie doodvonnis.**

NOG 'N PAAR LINNEPAKKE WAT U BAIE VAN SAL HOU!
BY
Steyns
DIE MODEWINKEL
Parow





Wapenskild van Krugersdorp

Die Paardekraalse Monument neem 'n groot deel van hierdie skild in beslag. Die ploeg en die myn-installasie dui die tipiese Suid-Afrikaanse nywerhede van die omgewing aan—so eg Suid-Afrikaans soos die naam Kommando, wat met trots gedra word deur die sigaret wat eg Suid-Afrikaans is omdat dit nog altyd van die keurigste produk van die Suid-Afrikaanse boer gemaak is na vermenging deur deskundiges om in die smaak te val van Suid-Afrikaanse rokers.

RONDE
Kommando

In naam en tradisie, 'n eg Suid-Afrikaanse sigaret




C6-A

KOOP SUID-AFRIKAANS—
—KOOP KOMMANDO
20 vir 1/- 50 vir 2/4

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### DOODBERIG

**Basson.**—Na 'n siekbed van slegs een dag oorlede op 16 Januarie 1950, oud 66 jaar, ons teergeliefde eggenoot Paul Christoffel Basson. Rus in vrede. Diepbedroefde eggenote Ellie, Kinders en kleinkinders.
Rhenosterfontein 50,
Zeerust. 22/3/1B

### BATTERYE

**Plaasboere, Motoreienaars: Aandag!!** Waarom so baie £de spandeer aan nuwe batterye. Kry meer krag en diens uit u ou battery. Gee dit nuwe lewe. Wil dit nie krag hou of laai nie? Behandeling vir 4 batterye slegs 8/- posvry. **J. F. Stemmet,. Kloofhuis, Knysna.** 22/3/1

### LEER-WERK

Bybelomslae vir Bybels (7½X5"), Gesangboekomslae plus 'n Boekmerk alles van swart leer. Slegs 14/6 posvry. **J. F. Stemmet, Kloofhuis, Knysna.** 22/3/1

### GESERTIFISEERDE AUSTRALIESE BRUIN UIESAAD

**Vars Gesertifiseerde Australiese bruin Uiesaad** teen 9/-, Chantenay Wortelsaad 6/6, Detriot Beetsaad 5/6 per lb. Vra om volledige pryslys van **Premier Saadkwekers, Pk. Schoemanshoek.** 8/3/T.K.

**UIESAAD:** Goewerments-Gesertifiseerde Saad 1949/50-oes. Vroeë Kaapse Plat, Australiese Bruin, Silwer King, Kaapse Strooikleur, en Copper King Uiesaad teen 9/- per lb. Greenfeast Saaderte £6 10s. per 200 lb. sak. Chantenay Wortel, Detroit en Egiptiese Plat Beet 6&6 per lb. Skryf aan ons vir 'n volledige pryslys van groentesaad en plaassade. **Kango Saadkwekers, Posbus 107, Oudtshoorn.** 1/2/TK.

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg.
(Nr. 3) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade! Aandag!**
Stuur al u produkte aan **U. S. Bellingan, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: „Blank S.A." Foon 1063.** As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswillig.
21/9/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### PLAAS TE HUUR

**Middeljarige Boer soek plaas te huur,** of klein plasie te koop, of enig iets of besigheid te doen, het goeie boerdery en besigheidsondervinding, vir verdere inligting skryf aan: **Posbus 1411, Kaapstad.**
22/3/2B

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.
19/1/TK

Nuwe seisoen sout in sterk sakke as volg:—
Spesiale sneeuwit 80/- per ton.
Sneeuwit No. 1 70/- per ton.
Wit No. 2 60/- per ton.
Wit No 3 50/- per ton.
Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaai soutwerke vir tevredenheid en dadelike aflewering, probeer:— **M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**

### VRUGTEBOME

**Kleinberg Kwekery** bied aan:
Royal Appelkoosbome op Pruimwortel.
Beluda Appelkoosbome op Pruim- en Perskewortel,
D'Agen, Suiker pruimedante op pruimwortel,
Kakamas (Colins) taaipit op perskewotel.
Sterk gesonde bome gewaarborg.
Tree in verbinding, **Bus 16, Pos Breërivier.**
22/2/5B

### VERVOERDIENS

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**

**P A R O W**

# SENAAT BIED REGERING GELEENTHEID OM HELE STELSEL TE HERVORM

**Die senaat het verlede week vir die derde maal hierdie sitting vir 'n lang tydperk verdaag weens gebrek aan werk. Vir 'n volle maand sal hierdie afdeling van ons land se wetgewende instelling werkloos wees, en tesame met die weke van werkloosheid wat reeds agter die rug is, sal hulle vir die eerste drie maande van die parlementsitting in geheel dus twee maande en tien dae sonder werk gesit het.**

**As die senaat op 17 April weer byeenkom, sal hy kan terugkyk op 'n bedrywigheid van slegs 20 dae vir die volle drie maande van die sitting. Hy het naamlik op 20 Januarie byeengekom en op 23 Januarie weer verdaag; daarna van 6 tot 16 Februarie weer gesit, en toe weer van 9 tot 16 Maart.**

**Geen wonder dat senatore verlede Donderdag toe hulle hulself 'n verdere maand vakansie gegee het, besorgdheid uitgespreek het oor die prestige van die liggaam en geëis het dat die regering stappe moet doen om hul bestaan te regverdig.**

'n Engelse blad noem as rede vir hierdie baie vakansie as gevolg van min werk dat die senatore van alle partye reeds so gewoond geraak het aan verdagings dat hulle nie meer mosies wil indien of debatte voer nie uit vrees dat dit inbreuk kan maak op hul private planne tydens verdagings!

#### VYFDE WIEL

**Die wortel van die hele moeilikheid lê natuurlik daarin dat die senaat 'n oorbodige instelling is wat die rol moes speel van die Britse „House of Lords" waar dit meermale gebeur dat 'n lid daarvan in sy hele leeftyd nooit sy opwagting in die huis maak nie.**

Met die partypolitieke stelsel is die moeilikheid vir die senaat om enige eiesoortige en selfstandige bydrae tot die wetgewing of besprekings te lewer, uitgesluit. **Die senaat is presies op dieselfde grondslag ingedeel volgens party-sterkte.** Net soos in die volksraad is daar ook 'n regering en 'n opposisie en die taak van die regeringslede is om te verhoed dat die opposisie die regering verslaan, en die taak van die opposisielede is om te verhoed dat die regering wetgewing deurdruk. **Die gevolg is dus dat die senatore dieselfde besluite van die koukus moet deurvoer wat reeds in die volksraad deurgevoer is. Dit maak van die senaat niks anders nie as 'n herkou-orgaan van die volksraad.**

#### ONTMOEDIGING

Dit op sigself is al 'n ontmoedigende faktor vir die betrokke mense, maar indien die senaat kon deel in die belangrike taak van die volksraad as propaganda-forum, sou dit die welsprekendheid en arbeidslus van die senatore opgejaag het ten spyte van die herkouing van volksraad-praatjies — vrees vir herhaling is nie 'n faktor van enige invloed in die volksraaddebatte self nie. **Maar nou word die senaat deur die pers afgeskeep. Dit is slegs af en toe dat daar 'n brokkie van die senaat in die dagblaaie opgeneem word — meestal net wanneer 'n Minister daar 'n verklaring doen. Verder is praatjiesmakery in die senaat ook nie so belangrik as in die volksraad nie omdat senatore, met uitsondering van die naturelle-verteenwoordigers, nie vir hul verkiesing van die „volk daarbuite" afhanklik is nie.**

#### HERVORM!

**Die senaat is besig om sy eie onbruikbaarheid en oortolligheid sterk te beklemtoon, en dit is 'n geleentheid vir die huidige regering om 'n begin te maak met 'n beter volksverteenwoordigende stelsel deur hierdie liggaam af te skaf en dit te vervang deur 'n kamer van beroep- en groepsverteenwoordiging waarin besondere belange op 'n grondslag van deskundigheid behartig kan word.** Laat die boere hier deur hul boere-leiers verteenwoordig word, die prokureurs en advokate deur hul eie leiers, die nywerhede — werknemer en werkgewer — deur hul deskundige leiers, ens. ens.

Dan het die boere en ander beroepe nie nodig om „afvaardigings" na die Minister te stuur om hul saak daar te gaan stel, of die landbou-unies nie nodig om besluite te neem waaraan niemand hom steur nie.

**Hervorm ons regeringstelsel tot iets nuttigs — die geleentheid is daar om 'n begin te maak!**

# ONS VRA U MEDEWERKING

## Versoek aan ons Lesers

**Ons vra hiermee die medewerking van elke leser van *Die O.B.* Die medewerking van elke man, vrou en kind. Ja, ook u medewerking!**

**Daar is nog honderde huisgesinne in Suid-Afrika wat graag elke week *Die O.B.* sal wil ontvang.**

**Wie is hulle?**

**Almal wat Republikeine is.**

**Almal wat na ware Volkseenheid strewe.**

**Almal wat wil help om dringende staatkundige, ekonomiese en maatskaplike hervormings teweeg te bring.**

**Trouens, almal wat saam wil marsjeer na die bestemming van die Afrikanervolk.**

**Sal u nie as skakel dien tussen hulle en *Die O.B.* nie?**

**Wat moet u doen?**

**Knip meegaande intekenvorm uit. Vul die nuwe intekenaar se naam en adres daarop in. Kollekteer 12/6 van hom of haar. Pos intekenvorm en geld aan Die Sekretaris, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad. En die nuwe intekenaar sal die blad vir een jaar ontvang.**

**Sal u asseblief u medewerking verleen? Baie dankie.**

### Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....................*

*.........................vir die eerste..................maande.*

*NAAM*..........................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*......................................................

...........................................................

...........................................................

...........................................................
*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.
Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

# KOMPETISIE-LAERTREK

Hiermee geskied kennis aan alle Boerejeug-offisiere dat daar weer 'n kompetisie-laertrek vir die Boerejeug gehou sal word gedurende die Paasnaweek, vanaf **Donderdagaand 6 April tot Maandagmiddiag 10 April, 1950,** op die plaas van mnr. Hopkins, Vergenoegd, Lynedoch, naby Stellenbosch. Die terrein is geleë 1½ myl vanaf Lynedochstasie, tussen Kuilsrivier en Stellenbosch.

Ons verwag dat elke Boerejeug-offisier en -lid asook vriende van die Boerejeug wat enigsins die laertrek kan bywoon, alles in hulle vermoë sal doen om daarvan 'n sukses te maak.

TREINE sal op Lynedochstasie ontmoet word vanaf 7-uur die Donderdagaand. Offisiere moet **Boerejeughoofkwartier** nie later as **1 April** in kennis stel van hoeveel lede uit hulle afdeling die laer sal bywoon, asook waarmee en wanneer (meld tyd) hulle daar sal aankom.

Elke Veldkornet word versoek om te sorg vir 'n lantern, of twee (indien moontlik) asook 'n wateremmer of blik.

Verdere benodigdhede vir laergangers is soos volg:

**SEUNS EN DOGTERS:**

Boerejeugdrag (indien seuns nie oor drag beskik nie kan khaki gedra word).
Gewone kampklere.
Toiletbenodigdhede (handdoek, seep, ens.).
Skoenwaks, borsel, ens.
Beddegoed.
Eetgereedskap (bord, beker, mes, vurk en lepel).
Bybel en Gesangboek.
Musiekinstrumente en sangbundels.
Baaikostuums.

Die laerfooi sal 5/- per laerganger bedra. Indien daar twee of meer kinders uit dieselfde gesin is, sal die laerfooi 3/- per lid wees. NIEMAND MAG EGTER WEGBLY OMDAT HY OF SY NIE OOR DIE NODIGE BESKIK NIE.

**LET WEL: MERK ASSEBLIEF AL JULLE GOED.**

Besonderhede aangaande die Kompetisie volg aanstaande week.

**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD**

**Die Voortrekker-Apteek**

**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

DIE
# Boerejeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 22 MAART 1950

# Die Rol Van Die Kind In Ons Geskiedenis

### III. DIE SEUN VAN PIET RETIEF

Die verhaal van die groot verraad van Dingaan en sy moord op die 71 uitgesoekte Voortrekkers op 6 Februarie 1838, is goed bekend aan ons almal. Onder die name van daardie 71 manne, was ook die name van die jong Pieter Retief, 11 jaar oud, en sy drie maats, Danie Liebenberg, Kosie Oosthuizen en Kootjie Opperman. Dit is een van die grootste gebeurtenisse in ons geskiedenis en dit is dus reg dat die rol van die vier kinderhelde nie vergeet sal word nie.

Toe Piet Retief, vader van die elfjarige Pieter, na die kraal van Dingaan moes gaan om te onderhandel oor 'n stuk grond wou die klein Pieter nie daarvan hoor om agter te bly nie. Na verskeie waarskuwings was Pieter nog nie van sy voorneme af te kry nie, en sy moeder moes maar ook sy saalsak vol kos pak. Pieter was nie ongehoorsaam nie, hy was 'n dapper klein Voortrekker wat dit as sy plig beskou het om saam met sy pa na die koning van die Zoeloes te gaan. Hy kon goed perdry en skiet en was gladnie bang nie.

Reeds die aand voor hulle vertrek was alles gereed. Die perde was versorg, die saals reggesit, alles in die haak om vroeg die volgende môre op te saal en te vertrek. Die eerste klompie wat vertrek het, was uit die laer van Piet Retief. By die ander laers moes hulle ook aandoen om die ander mans, wat moes saamgaan, te kry. Hulle het die môre baie vroeg opgesaal. 'n Paar ander mans was toe al daar. Piet Retief het eers godsdiens gehou. Toe sy pa „Amen" sê, was Pieter by sy moeder om te groet en op sy perd. Min het sy geweet dat dit die laaste keer sal wees dat sy hom sal sien.

Pieter se blydskap was tog te groot toe hulle by die ander laers aankom, want sy drie maats, Kosie Oosthuizen, Danie Liebenberg en Kootjie Opperman staan ook gereed om saam te gaan. Verder op die tog was hulle dan ook altyd bymekaar. Koffiemaak, vleisbraai en die perde houvas was dan ook altyd hulle werk.

„Oemkoengoenhlowo" was die naam van die Zoeloe-koning se hoofstat. Dit het beteken „die woonplek van die wit olifant". Dit was geleë teen 'n ronde bult. Buite om die stat was daar hoë pale met skerp punte en binne hierdie paalomheining was daar ongeveer 1,500 kafferhutte. Hier het Dingaan se ongeveer twintigduisend soldate gewoon. Binne hierdie kraal, was daar nog 'n omheining waarin die koning en sy mense bymekaargekom het. Daar was vyf hekke waardeur 'n mens die stat kon binnekom.

'n Endjie onderkant die kraal was daar 'n koppie met die naam van „Hlomoamaboetoe". Hier het die wrede Zoeloekoning duisende kaffers laat vermoor. Dit word vertel dat die koppie later wit was van die bene.

Tussen Hlomoamaboetoe en die kraal het die Engelse sendeling, eerw. Owen en sy familie gewoon.

Toe die Boere die oggend by die stat aankom, is hulle deur die Zoeloes vergas op oorlogsdanse en skyngevegte. Vir klein Pieter en sy maats was dit tog te mooi. Toe sy pa en die ander mans met Dingaan begin besigheid maak, het hulle dan ook doodgerus in die kraal rondgestap en alles bekyk. Hulle het op 'n Saterdag daar aangekom en hulle het ook die Sondag en Maandag daar gebly. Dingaan het die papiere onderteken waarin hy 'n stuk grond aan die Voortrekkers afgestaan het.

Die Dinsdag sou die Voortrekkers weer teruggaan na hulle laers toe. Weer word hulle getrakteer en die Kaffers voer weer hulle danse uit. Die Boere het ook van hulle kunsies op hulle perde aan die Kaffers vertoon. Dingaan was verbaas oor die vinnigheid van die perde en die ratsheid van die ruiters. Van die vinnigste kaffers in die stat kon nie die perde uithardloop nie.

Vir laas ry die Boere nou na Dingaan se kraal om hom te gaan groet. Toe hulle by die hek kom word hulle beveel om hulle perde en wapens daar te laat bly. Dit was die gewoonte dat 'n mens nie wapens met jou mag saamneem na die Koning, wanneer jy hom gaan groet nie. Die Boere moes maar teen hulle sin gehoorsaam.

Toe Retief en sy manne by Dingaan se hut kom, staan daar ongeveer drieduisend soldate. Dingaan vra Retief en sy mense om eers te sit en saam met hom bier te drink. Die koning beveel toe sy soldate om weer te dans. Hy spring self op en neem die leiding. Die aarde dril van die wilde springery van die drieduisend barbare. Dit word al woester en wilder. Die lawaai word al harder; die soldate kom nader en nader. Hulle gaan weer 'n entjie terug, maar volgende keer kom hulle nog nader.

Die lawaai is later so hard dat die Boere hulle eie stemme nie kan hoor nie. Die Kaffers kom nou tot teenaan die Boere en toe begin Retief ongeduldig raak daaroor. Hy vra toe vir Dingaan dat die Kaffers nie so naby hulle moet kom nie.

„Ja," skreeu Dingaan, maar hou aan met sing en dans: „Drink, o drink van die bier! Jul brandende kele roep daarna! Drink soveel as julle kan; want

(vervolg in volgende kol.)

(vervolg van vorige kol.)

môre sal julle nie meer drink nie."

Die Boere het nou begin onraad merk en sien dat hulle lewens in gevaar is. Meteens fluit Dingaan — dit is die teken dat sy soldate moet aanval. Hard skreeu hy uit: „Boelalanie abatagatie!" Dit beteken „maak dood die towernaars".

Die duisende soldate storm af op die weerlose manne. Hulle het nie eers kans om op te spring nie.

Die vier seuns begryp nie wat nou gebeur nie. Hulle het die danse tog so geniet. Pieter probeer om na sy pa te hardloop, maar dit help nie. Soos 'n swart golf storm die kaffers op hom af.

Party van die Boere het dit reggekry om hulle jagmesse uit te ruk en daarmee probeer hulle die ongelyke stryd voer. Dit was egter klaar met hulle. Die oormag was te groot. Hulle word gegryp en na die buitekant van die kraal gedra. Daar word 'n skerp stok deur elkeen se liggaam gesteek en daarmee word hulle regop gedra terwyl ander hulle wreed stukkend slaan met kieries.

Piet Retief is gespaar tot die laaste. Vasgebind met rieme, moes hy staan en toekyk hoe sy eie seun en vriende wreed gemartel en papgeslaan word; hy moes hulle vreeslike angskrete aanhoor totdat hulle een vir een stil raak. Daarna eers word hy met kieries doodgeslaan en sy kop word van sy liggaam geskeur. Hierdie afgryslike toneel het hom afgespeel op Hlomoamaboetoe, die klipkoppie onderkant die Zoeloe-stat.

(Aanstaande week vertel ons van die nag toe die Zoeloes 185 kindertjies vermoor het.)

# VERLORE GOED IS HIER!!

Maats, hier is nou 'n lys van goed wat ons op Boerejeughoofkwartier ontvang het. Dit is wat maats daar vergeet of verloor het. Skryf tog asseblief dadelik aan Boerejeughoofkwartier, Posbus 3471, Kaapstad, indien daar van julle goed by is. VERTEL DIE MAATS WAT BY DIE MONUMENTLAER WAS DAARVAN EN WYS HULLE HIERDIE KENNISGEWING, ASSEBLIEF!

**KAPPIES:**

1 — wit met blompatroon. Nie gemerk nie.
1 — wit Georgette met geruite patroon. Nie gemerk nie.

**VOORSKOOT:**

1 — wit. Onduidelik gemerk.

**HANDDOEK:**

1 — oranjekleurig, met wit strepe by ente. Blykbaar met 'n „O" gemerk in die een hoek.

**BEKERS ENS.:**

1 — Roomkleurig met rooi oor en randjie.
1 — Plastiese materiaal beker. Groen.
1 — Plastiese materiaal beker. Oranje.
1 — Plat wit koppie.
1 — Regop wit koppie.

**EETGEREEDSKAP:**

1 mes met geriffelde hef — metaal.
1 mes — betreklik nuut met aluminium hef.
1 mes - gemerk met garingdraad.
2 messe — ongemerk.
1 Vurk — gemerk met 'n „8" op die steel.
1 Vurk — steel effens gebuig.
1 Vurk — gemerk met twee kruisies op die steel.
1 Vurk — mooi patroontjie op die steel.
2 Vurke — ongemerk.
1 Lepel — gemerk met twee strepies oor steel en „COETZEE" uitgekrap op steel. Betreklik nuut.
1 Lepel — gemerk „G.S.?" met 'n stippelrand om die merk.
3 Lepels — ongemerk.
1 Klein teelepeltjie.

**BORDE:**

4 Wit enemelborde met blou randjies.
1 Donkerblou enemelbord met wit spikkels.

**TANDEBORSELS:**

2 Groen „Tek" Tandeborsels.
1 „Masso" Tandeborsel. Groen.
1 „Wisdom" Tandeborsel. Groen.
1 „Halex" Tandeborsel. Oranje.
1 „Wisdom" Tandeborsel. Oranje.

**KOMBERSE:**

1 Vaal kombers — gemerk „D. H. OLIVIER".
1 Vaalbruin wolkombers — ongemerk — het vaal strepe op die ente, moontlik was dit wit strepe voor die laertrek.

**GEMENG:**

1 Swart Sambreel — Gemerk: „M. Lategan".
1 Gordel (Uniform) — Gemerk: „P. Viljoen, Sek. Skool, Greyton, Kaap".
1 Bruin Skoenborsel — Ongemerk.
1 Bruin Kam — Ongemerk.

Indien hier van u goed by is, moenie wag om ons te laat weet nie. SLUIT ASSEBLIEF TEN MINSTE 1/- SE POSSEëLS BY U BRIEF IN, ANDERS KAN ONS NIE DIE GOED AAN U STUUR NIE.

# KLEINGOED SE HOEKIE

Liewe Maatjies,

Eindelik kan ons aan julle ook skrywe. Die ou spreekwoord sê: „as jy 'n briefie wil ontvang, moet jy 'n briefie skrywe". Werklik, hierdie week het ons nie minder as drie briefies, gekry nie.

COENIE THERON, S.A. SPOORWEË, KOFFIEFONTEIN, is seker een van ons bekendste maatjies. Hy skrywe al aan ons lank voordat daar nog 'n KLEINGOED SE HOEKIE was. Vir jare lank was hy ons jongste penmaatjie en glo my hy skryf so gereeld as wat die son soggens opkom. Hier volg Coenie se briefie:

Liewe Boerejeug-Redaksie,

Ek wou al eerder skryf, maar ons het so hard ge-oefen vir die Skoolsport. Die Witspan het ge-wen. Ek is nou in Std. I en die nuwe klas is vir my gladnie swaar nie.

Ons gaan altyd vis vang in die rivier. So ver het ek nog die grootste vis gevang al het Sarie so baie pryse gewen op die sport. Ons gaan môre weer vis vang. Ons wou ook graag na die fees gaan by die Monument en ons was so spyt dat my Pappie nie kon verlof kry nie. Die nuus en ook die kiekies in DIE BOEREJEUG was vir my mooi.

Ek verjaar op 28 April, dan is ek 8.

Liefde van Coenie.

(Baie dankie Coenie — dit is sommer baie moeiliker om 'n groot vis te vang as om 'n prys te wen op 'n sportbyeenkoms, nie waar nie? Ons is bly dat jy jou nuwe klas maklik vind en sal onthou wanneer jy verjaar — Red.)

Maatjie HITGE (OUDTSHOORN) skryf: Ek het reeds twee Boerejeug-laertrekke bygewoon. By die end van die jaar gaan ek ook saam met my Pappie en Mammie na die laertrek by Franschhoek. Net so gou as ek my uniform het stuur ek vir julle 'n kiekie van my, dat julle kan sien hoe ek lyk.

Boerejeug-groete,
jul maatjie,
Marius Hitge.

(Marius het nie sy ouderdom bygesit nie en ons sal bly wees as hy dit aan ons sal stuur. Hy het sy mammie gevra om aan ons te skryf, want hy gaan nognie skool nie. Ons wag op die kiekie.— Red.)

Maatjie JACOBA POSTHUMUS, VREDEPOORT, INDWE skryf:

Beste Omie. Sal u asseblief so goed wees en neem my naam op in die Boerejeug vir 'n penmaatjie. Ek is 8 jaar oud en in Std. I. Ek lees graag Die Boerejeug en geniet dit baie.

Baie groete,
Jacoba Posthumus.

(Hoe lyk dit Kleingoed, sal julle aan Jacoba skryf? — Red.)

Volgende week gaan ons vir maatjies 'n mooi storietjie vertel. Wanneer skryf die ander maatjies dan? As julle nognie self kan skryf nie, vra vir Mammie om te help.

Boerejeug-groete,
Omie.

# VERJAARDAG-KETTING

**MAART**

23 Christiaan du Toit, Wellington.
Janetta Slippers, Kakamas.
Manie Wium, Stellenbosch.
Petronella Watson, Bezuidenhoutsvallei, Joh'burg.
24 Johanna Naude, Frankfort.
Doreen Wassenaar, Middelburg, Tvl.
J. Mathee, Oudtshoorn.
25 Merle Strauss, Frankfort.
26 Mimi de Koker, Stellenbosch.
Noël Lourens, Paarl.
27 Kruger du Toit, Koedoeskop.
Anna Erasmus — ??
28 Willem van der Merwe, Paarl.
29 Abraham Hoffman, Luckhoff.

ANDER BOEREJEUGNUUS op bladsy 4

# Vorige Regering Se Werk Word Deur Nuwe Afgetakel

**Die Australiese minister van finansies in die nuwe regering het verlede week 'n wetsontwerp ingedien vir die herroeping van die bankwet van die vorige bewind waarkragtens die Bank van Australië genasionaliseer is. Die vorige regering was net agt jaar aan bewind.**

**Die volk en die regerende partye in ons land kan hierdie gebeurtenis in Australië met heelwat vrug oordenk. Net soos in Suid-Afrika het Australië ook die Britse partystelsel van regering. Dit beteken dat twee partye, op eis van die parlementêre konstitusie, teenoorgestelde beleide moet verkondig en dan beurt maak om die land te regeer. Hierdie beurte word bepaal deurdat die wispelturige elemente van die menslike gees ingespan word by wyse van periodieke keuses tussen die „regering" en die „alternatiewe regering"—'n element wat nog steeds verseker het dat elke „alternatiewe regering" beurt kry.**

**Ná sy bewindsaanvaardiging sloop die nuwe regering alle strydgrondige maatreëls van sy voorganger en vervang dit deur sy eie „beginsels." Geen partypolitieke maatreël van belang het dus ooit hoop op duursaamheid binne hierdie stelsel nie—ook nie die noodsaaklike wette wat die huidige bewind met soveel oproer en koste aan welwillenheid deurvoer nie. DIT IS ALLES TYDELIK.**

## GESTERF AS 'N O.B.

Graag vleg ons 'n kransie vir die graf van ons goeie vriend, mnr. Paul C. Basson, wat op 16 Januarie so skielik deur die dood weg geneem is, skryf ons korrespondent uit Zeerust. Ons het hom van kindsbeen geken as



'n hardwerkende, vriendelike en gasvrye persoon. Bodemvastheid en volksliefde was deel van sy hele wese. Sy klein plasie het hy beskou as die mooiste en beste in Marico-distrik en hoewel, 'n droë plaas, het hy geweet om dit op so 'n wyse te bewerk en te benut dat hy sy groot huisgesin op 'n voorbeeldige en eerbare wyse kon versorg, en die lewe instuur. In sy huis het die Woord van God nog die hoogste plek ingeneem.

Oom Paul was een van die eerste lede van die Ossewabrandwag, en het die Beweging trou ondersteun en liefgehad. Ek het hom eenkeer hoor sê, terwyl hy die O.B. teenoor iemand anders verdedig het:

**„Ou vriend dit sal vir my salig wees om as 'n O.B. te mag sterf, omdat ek daarin ons republikeinse ideaal, die suiwerste terug gevind het. Ek kan my met geen ander republikeinse vorm vereenselwig as die wat ons vaders geken het nie, nl. 'n republiek sonder partye,"** Die begrafnis is waargeneem deur ds. S. E. Young van die Herv. Kerk en eerw. M. S. F. Grobler. 'n Groot aantal vriende het opgekom om die laaste eer te bewys. Ons innige meegevoel aan die agtergeblewe familiebetrekkinge.

(vervolg van bls. 2 kol. 5)

Die skrywer meld dat die man dit in baie groot erns gesê het, en verwys dan na die stelling van Negley Farson in verband met toestande in Kenia dat die blanke tans sy laaste kans in Afrika het.

### MOET KANS GRYP

**„Kan ons in Suid-Afrika nie daardie kans aangryp en die leiding gee aan die hele Afrika voordat dit te laat is nie?"**

**„Die feit dat genl. Smuts ons geleentheid vir leierskap buite ons grense onderstreep het, lyk vir my in die huidige omstandighede van vervreemding in Betsjoeanaland en elders asof dit 'n plig op ons lê om ongeag partyverwantskap tot 'n ooreengekome naturellebeleid hier te kom waarin andere kan saamwerk."**

### SERETSE

Hy meen dat die Seretseaffêre die geleentheid bied vir so 'n gesamentlike optrede buite die partypolitiek.

„Nog meer as dit — ek meen dat dit 'n geleentheid is vir 'n ooreengekome beleid en om Suid-Afrika se invloedsfeer veel wyer te maak in gebiede waar die blanke bevolkings in wesenlike ooreenstemming is met ons en wag op ons leiding.

**„Is Suid-Afrika groot genoeg om daardie geleentheid wat ons gebied word aan te gryp?"** Aldus die Cape Times se rubriekskrywer.

# CHURCHILL WIL DUITSERS NOU BEWAPEN

**Winston Churchill, leier van die Opposisie in die Britse Laerhuis, het verlede Donderdag 'n kragtige pleidooi gelewer vir die herbewapening van Duitsland en vir die opname van die Duitse leër in die Westerse verdedigingsmag van Europa. Churchill het gesê dat die Geallieerdes nie in staat is om die Duitsers teen 'n Russiese inval te beskerm nie. Daarom moet die Duitsers herbewapen word sodat hulle kan bydra tot hul eie en Europa se veiligheid.**

**Hy het gesê:**

**„Ons kan die Duitsers geen waarborg gee teen oorrompeling van hul land deur die Sowjet of sy satelliete nie.**

**„Die Duitsers is bowendien ongewapen en derhalwe nie in staat om militêre hulp te verleen in die verdediging van hul oosgrens nie.**

„Ek sê, sonder aarseling, dat die Europese grense nie doeltreffend verdedig kan word sonder inskakeling van Duitse hulpkragte nie.

„Die beslissing berus nie by hierdie land alleen nie, maar ons moet 'n standpunt inneem en hierdie Huis moet weet wat daardie standpunt is.

**„Die geweldige massa-leërs van Rusland en sy satellietlande is 'n verskriklike bedreiging vir die Duitse volk en die Geallieerdes kan die Duitsers geen direkte beskerming bied nie.** Ons kan net waarborg om 'n oorlog te onderneem, wat, nadat die laaste reste van die Europese beskawing vernietig is, ongetwyfeld sal eindig in die nederlaag van die Sowjet. Maar hierdie oorlog mag begin met die oorrompeling van Wes-Duitsland—en nie alleen van Wes-Duitsland nie.

**VERTRAAGDE KASTYDING**

**„Dit is pynlik om die onbeslistheid en die kleinlike ergernisse te aanskou, wat die versoening van Frankryk en Groot-Brittanje met Duitsland verhinder, deur die vertraagde aftakeling van die paar oorblywende Duitse fabrieke en deur die nog meer vertraagde verhoor van afgeleefde Duitse generaals.**

**„Al hierdie dinge speel in die hande van die Kommunistiese vyfde kolonne in Wes-Duitsland en ondersteun die herlewing van Nazisme of neo-Nazisme, wat net 'n ander naam vir dieselfde euwel is."**

Churchill se wysheid kom ongelukkig 5 jaar laat. Toe hy die mag gehad het om self te doen wat hy vandag preek, het hy Europa aan Stalin uitgelewer.

## O.B.-Strewe Word Belangriker, Sê Mev. Rothman

Van mev. M. E. Rothman van Swellendam, alombekende en vandag bejaarde vroue-figuur in ons volkslewe, wat nie die Gebiedsraad kon bywoon nie, is die onderstaande boodskap ontvang:

„Ek het u kennisgewing omtrent die gebiedsvergadering van die 18de ontvang, en sou dit graag bygewoon het. Maar op my leeftyd is 'n treinreis hiervandaan Kaap toe 'n hele onderneming.

„Ek wil u dagem my beste wense vir 'n goeie opkoms en bevredigende byeenkoms stuur. **Vir my word die strewe van die Ossewabrandwag met die dag belangriker, nl. om iets beters in die plek van die stelsel van politieke partye te bring. Daardie stelsel toon steeds meer tekens van verval.**

„En mag ek ook hierby voeg my waardering van die weekblad; myns insiens het dit juis met die tydelike verduistering van die Beweging toegeneem in kwaliteit. Dit is iets wat nie sonder betekenis kan wees nie."

## DR. VAN ZYL KANDIDAAT

Dr. F. D. du Toit van Zyl is deur die konvokasie van die Universiteit van Stellenbosch benoem as 'n kandidaat vir die Universiteitsraad. Die ander kandidate is dr. Karl Bremer, ds. J. S. Gericke en dr. M. S. Louw. Die verkiesing vind op 30 Maart plaas. Oudstudente wat gegradueer is, kan deelneem aan die verkiesing. Stembriefies kan verkry word van die Sekretaris van die konvokasie, Administrasiegebou, Stellenbosch.

## O.B.-Seuns In Militêre Kamp

**Mev. Jurgens Schoeman, van Oudtshoorn, versoek dat alle O.B.-seuns wat na die militêre kamp op Oudtshoorn gaan, asseblief met hulle in verbinding moet kom. Die telefoonnommer is 21.11.**

**„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.**




„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, **vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels.** Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, **Phil Morkel,** Posbus 2721, Kaapstad."

**VRYHEIDSDAGVIERING**

*Die Kommando's van Barrydale*

Vier

Vryheidsdag op Saterdag 1 April

In die Saal op BARRYDALE

★

Spreker: W. R. LAUBSCHER

*ALMAL WELKOM*

**BRAAIVLEISAAND**

Gesellige Braaivleisaand

*GENERAALSKAP A1*

OP SATERDAGAAND 1 APRIL 1950

TE MELKBOSSTRAND

★

ALMAL WELKOM

*Vir Vervoer Skakel 5.4263.*

# JEUG HET BELANGSTELLING VIR PARTYPOLITIEKE SPEL VERLOOR

**Klagte oor die gebrek aan belangstelling aan die kant van studente vir die partypolitiek is verlede Saterdag uitgespreek by geleentheid van 'n stryddag van die H.N.P. op Stellenbosch.**

Die sprekers van die middag, mnr. Dirk Mostert, L.V., en mnr. M. Fouche, L.V., het albei verontrusting uitgespreek oor die afwesigheid van studente.

Mnr. Mostert het 'n beroep op die jeug gedoen om meer belangstelling in die party te toon, sodat die standpunt van die ouer geslag aan hulle oorgedra kan word. Mnr. Fouche het gesê dat hy meegedeel is dat die studente nie genoegsaam gewig ingewerp het met die organisering van die dag nie.

Die politici behoort 'n verskynsel soos hierdie nie te laat by blote oproepe aan die jeug nie, maar behoort hulself af te vra wat die oorsaak is. **Een van die vernaamste oorsake is dat die studerende jeug steeds meer skepties raak ten opsigte van die verydelende partyspel wat voortdurend besig is om „mandate" te vra vir die oplossing van groot vraagstukke sonder dat hulle ooit nader aan die oplossing kom—of selfs maar die aanpakking daarvan.**

**As die jeug, en veral die studerende jeug, weer geïnteresseerd moet word in die landspolitiek, is dit nodig dat van landspolitiek 'n wetenskap gemaak word en nie 'n spel nie. Die jeug begeer om deur staatkundiges regeer te word in plaas van deur meesterspelers van die partypolitiek as dobbelstene rondgeskud te word.**

Kotzé

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD